Lesing. Pretoria 150

Daar bestaan soveel mooi en interessante fotos van ou Pretoria dat dit moeilik is om te weet waar om te begin. Ek het toe besluit om te begin met my gunsteling foto van ou Pretoria. Dit is ‘n foto van H.F. Gros getiteld “The Deserted Village during the siege. Church Street Pretoria”.

Foto 1

Hierdie foto wys die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat in 1881. Tydens die eerste Anglo Boere Oorlog het die boere Pretoria beleer. Vroeg die oggend van die 22ste Desember 1880 het die Engelse Bevelvoerders die inwoners van Pretoria beveel om hul huise en besighede te verlaat en die militêre kamp wat aan die oostekant van die dorp geleë was te betrek. Spesiale verlof is later aan Gros toegestaan om sy ateljee te besoek en hierdie is een van die fotos wat hy toe geneem het.

Dit is vir my ‘n ongelooflike gevoelvolle foto. Die atmosfeer van verlatenheid kan duidelik aangevoel word. Die eers besige stad is nou heeltemal leeg, nie eers ‘n rondloperhond is in sig nie.

Links op die foto is die fotografie ateljee van H.F. Gros. Henri Ferdinand Gros is op 7 Mei 1842 in Switserland gebore. Hy kom in 1869 in Suid Afrika aan. Alhoewel ‘n hele paar rondreisende fotograwe reeds in Pretoria sake gedoen het was Gros die eerste een om hom permanent hier te vestig. Op 26 Desember 1874 verskyn sy eerste advertensie in die Volksstem “Mons. H.F. Gros het in Pretoria aangekom en sal binnekort sy ateljee open”. Hy begin sy besigheid in die Artillerieplein agter die hofgebou op Kerkplein en skuif toe na die huis van Smithers. Later bou hy sy eie ateljee. In die Volksstem van 13 November 1875 adverteer hy dat hy binnekort die Eerste fotografiese ateljee in Pretoria gaan open. Spesiaal ontwerp om voorsienning te maak vir die nuutste beligtingstegnieke. Ook noem hy dat hy enige fotos wat nie binne tien dae afgehaal word nie in sy ateljee sal vertoon. Ongelukkig meld die advertensie nie waar die ateljee is nie.

In 1877 koop hy hierdie erf [nommer 376] op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat van R.E. Schubart. Wanneer hy die ateljee gebou en betrek het, is ongelukkig nie bekend nie. Dit was een van die eerste dubbelverdiepinggeboue in Pretoria.

In die middel van foto nommer 1 is die eerste kerk wat op Kerkplein gebou is. Die kerk is tussen 1854-1857 gebou en was ‘n eenvoudige saaltipe gebou met dik mure en ‘n grasdak. Die bouers

was William Skinner en die twee Devereux broers. Op een van die gewels was die voorletters van die bouers: DD en S en die jaartal 1855 daaronder. Daar bestaan ‘n hele paar fotos van die ou kerk maar nie op een van die fotos kon ek die bouers se voorletters sien nie.

Daar was sitplek vir 700-800 mense. Reeds met die inwyding van die kerk deur ds. Van der Hoff in Februarie 1857 was die kerk te klein en sommige mense het selfs op die balke gesit. In die sestiger jare is die kerkgebou vergroot deur die aanbou van ‘n konsistorie en nog ‘n vleuel. Die konsistorie kan regs op die foto gesien word en links is die nuwe vleuel.

Die kerkgebou is in September 1882 eers deur ‘n storm ernstig beskadig en nog dieselfde maand deur ‘n verwoestende brand, wat op raaiselagtige wyse ontstaan het, verder in puin gelê. Slegs die trap van die preekstoel en een nagmaaltafel kon gered word. Verskillende mense het hierdie raaiselagtige brand gesien as ‘n oordeel van God omdat Shepstone in die Kerkgebou en nie in die Raadsaal ingesweer is. Daar is soms spottenderwys na Shepstone verwys as die duiwel se slypsteen.

Heel regs op die foto is die winkel van T.W. Beckett & Co. Thomas William Beckett kom in 1874 in Pretoria aan en ‘n jaar later neem hy die gebou van Kisch & Harsant op Kerkplein oor en begin sy besigheid daar. Terloops in 1875 adverteer Kisch & Harsant hulself as die enigste agente vir SINGER naaimasjiene in die die Republiek.

Om terug te keer na T.W. Beckett. In 1875 adverteer hy sy besigheid as geleë in Commecial Row op Kerkplein en waarborg die laagste pryse vir wol, velle en ander produkte. Maar sommer so met die intrapslag bots hy met die gereg. Hy het die markwet oortree deur tabak direk van die boere aan te koop in plaas van om op die mark te koop. Die Landdros bevind hom skuldig en ‘n boete van 7 sjielings en 6 pennies word hom opgelê. Die boete kon so hoog as 500 Riksdalers gewees het maar omdat dit ‘n eerste oortreding is was die Landdros hom genadig.

In dieselfde jaar [1875] wat hy die winkel in Kerkstraat betrek het, het hy ‘n blok erwe van Pres. Pretorius gekoop waarop hy ‘n woonhuis “Blackwood Villa” gebou het. Munitoria is later op die grond gebou. In 1889 koop hy ‘n deel van die plaas Arcadia en bou daar ‘n nuwe imposante woonhuis “Merton Keep” wat jare later, na sekere verbouings, deur die Franse ambassade betrek word.

Beckett het vooruitgeboer en in 1889 verkoop en ruil hy nie meer wol en velle nie, maar hy adverteer dat ‘n nuwe besending Salon meubels soos rusbanke, gemaklike stoele, klavier stoele, vase en boekrakke so pas uitgepak is. Dan lui die advertensie ook dat hy nou Krieketvoorwerpe soos “Bats, Stumps, Balle en kniestukke” te koop aanbied. Dit klink nie asof daar Hollandse of Afrikaanse benamings vir die voorwerpe was nie.

Foto 2

Hier is ‘n tweede foto van dieselfde deel van Kerkstraat. Geneem ongeveer 1888. Weg is die verlatenheid van die vorige foto. Dit is net vir my vreeslik moeilik on te dink dat Pretoria eers so gelyk het.

Die nuwe wit geboutjie amper in die middel van die foto is W. Henning se drankwinkel. ‘n Advertensie van 1889 sê W. Henning het die beste soorte binne- en buitelandse wyne en sterk drank steeds voorhande. Hy is agent vir Catta’s Whisky en invoerder van Wurzburger Bier.

Die volgende gebou word gedeel deur Maughn se slagtery en G. Hunter se bakkery. Kyk na die winkel van T.W. Beckett & Co.. Hulle het nou ‘n stoep voor hul winkel gebou.

Foto 3

Hier sien ons dieselfde hoek van Kerk- en Van der Waltstraat. ‘n Goeie titel vir die foto sou wees: “Verkeersknoop in Kerkstraat”. Die foto is ongeveer 1890 geneem. Ek wonder net hoe het die dames gemaak wat te voet, met hul lang rokke kom inkopies doen het.

Kom ons praat eers oor die touleier wat so gedudig daar sit en wag. Baie boere het die lang tog van die plase af sonder ‘n touleier aangedurf, dit is nou as hulle ‘n bekwame drywer gehad het en

die osse goed geleer was. By baie van die toeganspaaie na Pretoria het touleiers gewag wat hulle tydelik in diens kon neem. Baie het dit egter as onnodig beskou en so het baie probleme ontstaan.

In die Volksstem van 7 Februarie 1889 verskyn die volgende artikel onder die opskrif – Onverskillige en roekelose dryf van osse deur strate. Die sweep word geklap, daar word geskreeu sonder dat die minste aandag gegee word aan die gevolge wat sulke onverskilligheid teweegbring. Saak van Heys & Co. teen Buhrnam. In genoemde saak is dit duidelik bewys dat daar geen leier vir die osse was nie en dat hulle aan hul eie willekeur oorgelaat word. Die regter hoop dat die uitspraak ‘n les sal wees aan die wat die gewoonte het om hul osse aan hulself oor te laat.

Ongelukke het meermale plaasgevind. Op ‘n keer kom die heer Zeederberg met ‘n spider waarin hy en drie dames ry met volle vaart uit St. Andriesstraat en draai in Kerkstraat in. ‘n Ossewa blokkeer die pad, hy neem sy draai te kort en die spider val om. Een van die dames het harsingskudding opgedoen en is bewusteloos en een van die ander dames het twee gekraakte ribbes.

Kom ons kyk nou na die geboue op die foto. Links was Gros se ateljee. Dit is nou deur Robinson oorgeneem Op die balkon staan nou “Robinson and Co. late H.F. Gros”. Die datum waarop hy dit oorgeneem het is nie seker nie. In 1889 verskyn daar reeds advertensies van Robinson in die koerante. Die hoeksteen van die Ou Raadsaal is op 6 Mei 1889 deur pres. Kruger gelê. Twee weke later op 20 Mei adverteer Robinson dat fotos van die gebeure nou by sy ateljee te koop aangebied word.

Kom ons kyk eers na twee ander fotos van die ateljee.

Foto 4

Hier is die gebou van voor afgeneem kort nadat Robinson dit oorgeneem het. Hier kan die skrif op die balkon duideliker gesien word. Ek wonder of iemand ooit sal uitvind wie die twee here op die balkon is? Die advertensie op die symure is nog net soos Gros dit geskilder het.



Foto 5

Hier is ‘n later foto van die ateljee. Die venster in Kerkstraat is nou in ‘n deur verander en die advertensie lui nou “For Best & Cheapest Photos try Robertson. Photography in All Branches”.

Kyk bietjie na die seuns op die foto. Hul klere verskil hemelsbreed van dit wat vandag gedra word. Ek wonder hoeveel hoede het in hul spelery verlore gegaan?

Ons kyk weer na die foto nommer 3 van die verkeersknoop.

Op Kerkplein staan nou ‘n nuwe kerk. Dit is die tweede en ook die laaste kerk wat op Kerkplein gebou sou word. Een van die boukontrakteurs was Marinus Franken en daarom word soms na die kerk verwys as die Franken Kerk.

Hierdie kerkgebou wat die Victoriaans-Gotiese boustyl verteenwoordig het, was die eerste kerkgebou noord van die Vaal met ‘n toring. Die lengte en breedte van die kerkgebou was onderskeidelik 140 voet en 80 voet terwyl die toring by die hoofingang, wat in die rigting van Kerkstraat-Oos gefront het, 150 voet hoog was. Die kerkgebou sou aan ‘n duisend persone sitplek bied. In die toring was ‘n pragtige orrel geïnstalleer. Die kerk is op 23 Januarie 1885 in gebruik geneem en 1905 afgebreek. Die klok van die ou kerk lui vandag in die Oos Kerk naby Loftus Versveld.

Oorkant Robinson se ateljee is die Winkel van T.W. Beckett & Co. ‘n Deel van die ou winkel met die afdak word nog steeds gebruik. Links is die eerste deel van die impossante nuwe dubbelverdiepingwinkel nou reeds voltooi.

Op die noord oostelike hoek van die kruising is nou die winkel van Bourke & Co. Die einaar van Bourke & Co. was Edward Francis Bourke of Eddie soos hy algemeen bekend was. Oospronklik van Durban besoek hy Pretoria vir die eerste keer in 1877 en in 1879 vestig hy hom permanent in Pretoria. Sy woonhuis Barton Keep in Jacob Marèstraat is een van die min woonhuise uit die tydperk wat vandag nog bestaan.

Die winkel van Bourke wat ons op hierdie op die foto sien was ‘n klerewinkel. Bourke het ook ‘n Algemene Handelaar Besigheid in Kerkstraat Wes besit. Die klerewinkel verkoop hy in 1903 aan John Jack.

Foto 6

So het die Kruising ‘n aantal jare later gelyk. Nog steeds ‘n baie besige straat. George Maughan adverteer nou in beide Engels en Afrikaans – “Slagthuis en Butchery.” En George Hunter is behalwe ‘n bakker nou ook ‘n “Grocer and Produce Dealer”.

T.W. Beckett & Co. se nuwe gebou is voltooi. Kyk net na die netjiese geplaveide sypaadjie voor die winkel.

Die waarde van advertensies word nou besef. In die middel van die foto sien ons ’n aflewerings-voertuig met sy eienaar se naam op. Die foto is ongelukkig nie duidelik genoeg om die skrif van die advertensie te lees nie.

Die winkel met die groot naambord regs links van Henning se drankwinkel op foto 6 is die besigheid van Gundelfinger. Gundelfinger het begin as ‘n General Wholesale Merchant. Hy skuif later sy besigheid na die Marksgebou in Kerkstraat oorkant die mark. Die gebou staan vandag nog en omdat Gundelfinger so ‘n groot deel van die gebou gebruik het was dit by baie mense bekend as die Gundelfingergebou.

As ons in die straat afkyk sien ons ‘n ry hoë bome. Dit is waar die Apiesrivier verby loop. Dit was eers deel van A.F. de Toit se plaas Arcadia en hy het sy huis daar naby die rivier gebou. Later het S.J. Meintjes die deel langs die rivier by hom gekoop en in die huis ingetrek. Meintjes het ook ‘n meule daar opgerig. Die drif waar die water oor die pad geloop het was eers bekend as Meintjesdrif of Leeudrif. Daar naby was ‘n waterpoel waar die seuns van Meester Louis se kosskool gaan swem het en hulle het dit Meintjes se gat genoem.

Hier volg ‘n aantal fotos wat by die drif geneem is.



Foto 16

Links op die foto is die meule en regs is Meintjes se woonhuis. Stephanus Jacobus Meintjes kom van Graaff Reinett en in 1868 koop hy die plaas Arcadia van Andries Francois du Toit. Meintjeskop waarop die Uniegebou later gebou is was ook deel van die plaas. Hy bou ‘n meule wat deur water aangedryf word op die westelike oewer van die Apiesrivier.

Foto 17

‘n Later foto op dieselfde plek geneem. Kyk net hoe groot het die bome nou geword.

Foto 18

‘n Vergroting van Meintjes se woonhuis. So het meeste van die woonhuise in ou Pretoria gelyk. Wit gekalkte mure, ‘n grasdak en ‘n groot stoep.



Foto 19

Op 11 Januarie 1887 het S.J. Meintjes ‘n deel van die grond aan sy seun E.P.A. Meintjes verkoop vir £12,000. E.P.A. Meintjes het later die meule herbou en dit die Arcadia Meule genoem. In Longland van 1899 word dit nog Meintjes Meule genoem maar in Lochheads van 1913 praat hulle van Arcadia Meule.



Foto 20

Hier is ‘n latere foto van die meule. Boersta se bakkery het later die gebou oorgeneem.



Foto 21

Sytse Wierda het op 1 November 1887 sy amp as Goewerments Ingenieur en Argitek aanvaar en een van sy eerste opdragte was die ontwerp van twee brûe oor die Apiesrivier. Een was hierdie brug by Meintjes Drift in Kerkstraat. Hier word die brug geopen deur President Kruger. Die foto is deur Robertson geneem en hy noem dit die Arcadia Brug.



Foto 22

Latere foto van Leeubrug. Die vier brons leeus is gegiet deur die MacFarlane Sun Foundry in Glasgow Skotland. Of die brug sy naam te danke het aan die leeus wat by Leeudrift geskiet is of aan die vier brons leeus is nie bekend nie, maar vandag staan dit beken as Leeubrug.

Foto 23

Nog ‘n foto van Leeubrug. Op die kennisgewing links op die foto staan: “Stick no Bills. Bill Stickers Beware.” Dit lyk egter nie of dit gehelp het nie want die voetstukke van albei die leeus op die foto is vol advertensies geplak.